Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

* Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 *Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: 011 769 1670*
Fax: 011 762 3493* www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za*

30 Januarie 2019

Geagte Ouers,

OMSENDBRIEF NR. 3 VAN 2019

I.S. ATLETIEK, VEILIGHEID, ENS.

Op Woensdag, 6 Februarie 2019 vind die jaarlikse atletiek Interlaer by Ruimsig stadion plaas. Die program begin reeds vroeg en van ons personeel sal as beamptes optree.

Dit sal dus nie moontlik wees om met die skool se normale akademiese program aan te gaan nie. Die skool sal steeds oop wees, maar slegs vir noodsaaklike toesig. Ouers van nie-atlete kan self besluit of hulle kinders skool bywoon of nie. Geen afwesighede op Woensdag, 6 Februarie sal in berekening geneem word vir sertifikate nie. Skoolklere, reëls en tye geld vir alle leerders wat wel skool toe kom. Die nasorgdiens is steeds beskikbaar soos normaalweg. Geen ander sport of kultuuraktiwiteite sal na skool plaasvind nie. Ons wil graag al ons atlete wat Woensdag gaan deelneem sterkte en voorspoed toewens. Ons glo en vertrou dat julle spogprestasies gaan lewer.

VEILIGHEID VAN LEERDERS

Soos per die artikel in verlede week se Roodepoort Rekord het misdaad geweldig toegeneem in die Witpoortjie area. Ons vra asseblief ons ouers se samewerking in verband met hulle kinders se veiligheid. Maak asseblief seker dat u kind direk na die sport/kultuuraktiwiteite óf afgehaal word óf dat daar alternatiewe reëlings getref is vir hulle. Indien leerders nie aan aktiwiteite deelneem nie, moet hulle asseblief direk na skool huis toe gaan.

Vir leerders wat vroeg by die skool afgelaai word, wil ons net onder u aandag bring dat daar oggendsorg, teen 'n koste, beskikbaar is vanaf 06:00 soggens. (Kontak asseblief me Ansie van Dyk op nasorg@drhavinga.co.za vir besonderhede in die verband.)

Ons ondervind ook geweldig probleme met die op/aflaai van leerders. Sorg asseblief dat u spasie laat vir u kind om vóór u motor, onder u toesig, verby te beweeg. Wees bedag op leerders wat agter motors verby beweeg. Neem asseblief mekaar in ag!

Byvoorbaat dankie vir almal se samewerking en ondersteuning.

Haviegroete.

R DU PREEZ
WND/HOOF

Die skool op almal se lippe!

Waardegedrewe, Innoverend, Toekomsgerig.